Beeld

Schalk gee babatree terug na Boikie

Die jongste Mandela-standbeeld




# Groot, groter en nou die grootste

## Bronswerk van Madiba gaan 'fantasties' wees

Cobus Claassen

'N Standbeeld wat 9 m bo die grasperk van die Uniegebou in Pretoria uitroom, gaan die grootste ooit ter wêreld van oudpres. Nelson Mandela wees.

Die departement van kuns en kultuur het bevestig die bronsbeeld gaan selfs groter wees as die standbeelde van Madiba in Bloemfontein (6,5 m hoog) en op Nelson Mandela-plein in Sandton (6 m hoog).

Waar presies die beeld opgerig gaan word en hoeveel dit gaan kos, is nog nie bekend nie.

Paul Mashatile, minister van kuns en kultuur, sal na verwagting later vandeesweek meer inligting daaroor bekend maak.

**SMS nouswenke**
w Beeld na 32014

Die standbeeld gaan in samewerking met die Tshwane-metro op 16 Desember, Versoeningsdag, opgerig word in die aanloop tot die vieringe van 20 jaar van demokrasie volgende jaar.

Kobus Hattingh, die beeldhouer wat die Mandela-standbeelde in Bloemfontein en Sandton gemaak het, het gese 'n beeld van 9 m beloof om "fantasties en indrukwekkend" te wees.

Hy raam die standbeeld kan meer as R6 miljoen kos.

Heather Henriques, hoof van intellektuele eiendom by die Nelson Mandela-stigting, het gese daar is al meer as tien standbeelde van Madiba oor die wêreld heen.

Volgens die stigting se databasis is meer as 95 standbeelde, beelde, kunswerke en monumente al aan die 95-jarige voormalige president opgerig.

Afgesien van 'n magtige gebouwe, strate, snelwe, brue, parke en plasse, is 'n spinnekopspeele, *Sluggyfrogs Mandela*, 'n kerrdeeltjie, die Mandela partikel, en 'n orgideë, *Paphiopedilum Nelson Mandela*, ook na Madiba genoem.

# ANC-plan vir Pta

## 'Ons transformasie gaan onstuitbaar wees'

Cobus Claassen en Maryna Lamprecht

Die ANC is "onstuitbaar" op pad om Pretoria simbolies te transformeer.

Kgosientso Ramokgopa, Tshwane se uitvoerende burgemeester, het gister op 'n vergadering oor die metro se strategiese plan gese hoe gaan die toekoms definiteer nie, die ANC sê.

"Ons gaan onstuitbaar wees en is oortuig daarvan dat ons die saak uiteindelik in die hof sal wen vanweë die korrektheid wat die ANC verteenwoordig."

Volgens Ramokgopa sê die ANC ook nie toelaat dat iemand in sy pad staan met die verandering van Pretoria se naam na Tshwane nie.

Terselfdertyd het Paul Mashatile, minister van kuns en kultuur, aangekondig dat sekere standbeelde by die Uniegebou delik opry geskuif gaan word om plek te maak vir 'n bronsbeeld van R6,4 miljoen van oudpres. Nelson Mandela.

Alles dui daarop dat die departement sy vlaer het op die standbeeld van genl. J.B.M. Hertzog, voormalige eerste minister, wat in die middel van die Uniegebou se tuine staan.

Verder beplan die regering ook 'n etnomuseum in Tshwane se mate bronsbeelde van "sangbiers soos Shaka en Moshoeshoe" gaan pryk.

Ramokgopa het met verwysing na AfriForum gese die ANC het die anti-transformasie-elemente in die verlede by die stembus verslaan en sal dit ook in die hof doen.

Die appèlhof in Bloemfontein het tot 'n "logiese gevolgtrekking" gekom toe hy Tshwane verlede week verlof gegee het om term 'n vorige uitspraak oor die hoofstad se strategiese te appelleer, het hy gese.

Die saak teen die burgerregteaktivisgroep AfriForum sal voor 'n volle bank in die hooggeregshof in Pretoria aangehoor word. Die metro het hom tot die appèlhof gewend nadat hy in Junie in 'n tweede hofstryd oor die stad se ou strategiese aan die verloorkant was.

Ramokgopa het gese die elemente (AfriForum) het die verkeerde perd opgesaal toe hulle gelink het hulle kan die ANC verhinder om sy strategie-beleid te verwer.

Mashatile het gese die oprigting van die 9 m hoë Madiba-beeld by die Uniegebou is deel van die regering se "voortdurende werk om nuwe simbole en monumente te skep wat Suid-Afrika se nuwe samelewing weerspiegel".

Hy het gese die Uniegebou moet 'n "nuwe betekenis" kry en dit kan nodig wees om "goed rond te skuif".

"Natuurlik is alles by die Uniegebou ons erfenis en daarom sal ons niks vernietig nie, maar dit kan nodig wees om 'n paar goed te herrangskik."

Prof. Francjohan Pretorius, gekoeldekaanslaan aan die Universiteit van Pretoria (UP), het gese as dit gebeur, sal dit "kulturele diefstal" wees.

"Versoening is inkluisief, nie eksklusief nie. Die wenner in 1994 was nie die ANC of swart mense nie, maar 'n inkluisiewe demokrasie wat alle historiese en kulturele erfenisse erken en respekteer."

Genl.maj. Gert Opperman, besturende direkteur van die Erfenisstigting, het gese beelde en monumente behoort bewaar te word waar dit is, maar indien dit geskuif moet word, moet dit gedoen word in oorleg met die gemeenskap wat gemaak word.

"Enigiets wat daarop neerkom dat jy die ou goed hulkraak deur nuwe goed vervang, sal onaanvaarbaar wees."

### Ruimte vir nuwe Mandela-standbeeld

'n Standbeeld van oudpres. Nelson Mandela gaan op 16 Desember by die Uniegebou in Pretoria opgerig word.



Die standbeeld van genl. J.B.M. Hertzog. Foto: LISA HNATOWICZ

### Madiba-bronsbeeld dán onthul

Die Nelson Mandela-bronsbeeld gaan op 16 Desember deur pres. Jacob Zuma by die Uniegebou onthul word.

Die beeld is een van 'n glimlaggende Madiba met uitgestrekte arms. Dit sal 9 m hoog wees en word gemaak teen 'n koste van R6,4 miljoen.

Twee Suid-Afrikaanse beeldhouers, André Prinsloo en Ruhan Janse van Vuuren, het verlede April saam met 'n span aan die beeld gewerk.

Dit sal einde November voltooi wees, maar dit in vyf stukke per vrachtvoertuig uit die Strand in die Wes-Kaap na Pretoria vervoer sal word.

Die span sal twee en 'n half weke hê om die stukke aanmekaar te sit en mik om die beeld teen 9 Desember gereed te hê.

Prinsloo het gese dit was sy lewe lank sy droom om 'n beeld soos dié te maak.

"Madiba is 'n iconiese figuur en almal weet hoe hy lyk, so dit was 'n baie moeilike taak om die beeld presies reg te kry."

Die beeld is gebaseer op hoe Mandela in 2004 gelyk het.

Janse van Vuuren het gese hy en Prinsloo het weke lank elke dag 14 uur aan die beeld gewerk.

"Wanneer ons dit aanmekaar sit, gaan dit dalk 18 uur per dag wees," het hy gesê.

Die oprigting van die beeld is deel van die Uniegebou se herdenkingsvieringe in November verlaas. – Maryna Lamprecht

Onnie vermoor vir selfoon 6

Wallabies wil SA verras 28

Hervormers groet apartheid finaal 4